Gereformeerde Kerk Bellville – 16 Desember 2017 – Geloftefees

Voor die erediens

Kort agtergrondskets van die Bloedriviergeskiedenis en die betekenis daarvan

Psalm 146:1 (liederwysie)



Psalm 38:13, 17

13 Want U, HEER, ontferm U oor my, / en verhoor my. / Op U bou 'k – wat my ook tref.
Laat my vyand nooit oor my nie / om verbly nie – / om my wank'ling hom verhef.

17 Wil my, HEER, in hierdie lewe / nie begewe; / wees nie ver van my gebed!
Hoor die roepstem van 'n lyder, / o Bevryder / wat my altyd uit wou red!

Gelofte – staande

Psalm 134:1, 2, 3, 4

1 O priesters, wat voor God bly staan, / wanneer die sonlig ondergaan,
wanneer die laaste straal verskiet – / o loof die HEER in sang en lied!

2 O hef vir ons 'n naglied aan, / wanneer ons weer van hier moet gaan;
hef priesterlike hande en pleit, / as alles rus in donkerheid.

3 Die HEER se seën sal met u gaan, / en ons sal biddend voor Hom staan.
Hy wat beveel en – dit geskied, / Hy sal sy seën oor u gebied.

4 Laat, HEER, u seën op ons daal, / u guns uit Sion ons bestraal!
U wat beveel en – dit geskied, / wil, HEER, u seën oor ons gebied!

Die erediens

Ontmoetingsdiens

Introïtus: **Psalm 124:1, 4**

1 Laat Israel nou uitroep bly van gees: / Ja, was die HEER nie toe by ons gewees,
toe mensemagte, teen ons aangekant, / ons aangegryp het, in hul toorn ontbrand –
dan was ons lewendig verslind gewees

4 Die troue HEER het self ons vrygemaak: / die strik is los en ons het vrygeraak,
vry soos 'n voël wat vind sy vryheid weer. / Die eewge God, van alle dinge HEER,
Hy is ons hulp, Hy het ons vrygemaak.

Votum en Seëngroet

Psalm 31:1, 2, 3

1 Net soos 'n rots, gesterk, gestewig / teen storm en ongety, / is U, o HEER, vir my.
Maak my tog nie beskaamd vir ewig. / Bevry my, hoor my bede / na u geregtighede.

2 O neig u oor en red 'n lyder, / wees my by stormgerug / 'n rots om in te vlug!
Wees my 'n vesting, o bevryder, / wat op 'n berg verhewe, / my veiligheid kan gewe!

3 U is my eewge rots, o HERE! / Diep in u veil'ge sy / sal ek genestel bly.
U sal my lei, u Naam ter ere, / tot ek die net verby is / wat voor my voet gesprei is.

Gebed

Psalm 32:3, 6

3 Ek het bely, o HEER – in sielerou nie / my hart gegrendel of my mond weerhou nie.
Ek het bely wat my van U vervreem, / U het my skuld genadig weggeneem.
Dus kom Gods volk, dus kom al sy bemindes / om Hom te soek terwyl sy guns te vind is;
die lewensee mag met sy golwe slaan, / dit deer hul nie, dit raak hul selfs nie aan.

6 Regverdiges, laat hoor die blye tyding! / Sing voor die HEER 'n lofsang van bevryding,
'n sang wat juig oor skuldvergiffenis. / Sing, wie opreg van hart en wandel is!

Woorddiens

Lees: 1 Konings 18:20-46

Teks: 1 Konings 18:30b

Tema: **Die altaar vir die Here word herstel**

Inhoud: Hier in Konings kom twee wêrelde teen mekaar te staan. Ten diepste het ons te doen met die stryd tussen God en Satan ... tussen lig en duisternis.

Dit bring ons voor die vraag te staan: Wat is ons plek in hierdie stryd? Ons moet kompaspeiling ne van ons godsdienstige en morele posisie.

In ons teksvers maak Elia die stukkende altaar weer heel. Dit is simbolies van die herstel van die verhouding met die Here.

Drie sake verdien ons aandag:

1. Israel se nood

Daar heers 'n verskriklike droogte. Die rede is natuurlik Israel se afvalligheid.

2. Die skuldbelydenis

Alleen langs die weg van 'n skuldbelydenis kan versoening plaasvind.

3. Die uitkoms

Ter wille van sy verbond wil God die verhouding herstel. God antwoord vir Elia deur die altaar aan brand te steek deur vuur vanuit die hemel te stuur.

Antwoorddiens

Minuut stiltetyd

Bid dat God se koninkryk van lig en versoening al meer en meer sal deurbreek in 'n donker wêreld

- *Bid vir vrede in Suid Afrika en elders.*
- *Bid teen geweld (veral teen vroue en kinders, misdaad en korrupsie.*
- *Bid teen elke vorm van diskriminasie teenoor alle mense, veral minderhede.*
- *Bid vir aksies wat sosiale en ekonomiese onreg wil regstel en uitroei.*
- *Bid teen ongebreidelde materialisme waar arm mense armer word en hulpeloses magteloos bly.*
- *Bid vir werks- en ekonomiese geleenthede vir al die arm mense in ons land.*
- *Bid vir voedselsekuriteit vir elkeen wat hier woon.*
- *Bid vir goeie onderwys en die ontwikkeling van bruikbare vaardighede by alle kinders in elke gemeenska*
- *Bid vir geloof by almal wat hier woon: geloof in 'n regverdige God wat mense van alle kulture en tale met Homself, in Jesus Christus, wil versoen.*
- *Bid teen elke vorm van rassehaat en teen kwaadwilligheid teenoor mense op grond van ras en kultuur.*
- *Bid dat die Kerk van Christus altyd en oral regverdig sal wees en versoening met God in Christus Jesus aan alle mense sal verkondig.*
- *Bid dat Christene van alle tale, kulture en tradisies, eenheid en versoening in Christus sal vind en dit prakties sal uitleef as 'n profetiese woord teen almal wat onreg pleeg , haat en geweld aanblaas.*
- *Bid vir die vrede van die Kerk van Christus, vir bewaring van die Geloof en vir getrouheid aan God en aa sy Seun, aan die Woord en aan die waarheid*

Slotgebed

Psalm 68:9, 13

9 Geloofd sy God met diep ontsag, / want Hy oorlaai ons dag aan dag / met ryke seëninge.
Wie sou Hom dan nie dank bewys, / die God van saligheid nie prys, / met al die hemelinge?
Dié God van volle saligheid / versterk ons in die dag van stryd / en dra ons deur die lewe.
Hy kan en wil en sal in nood, / selfs as ons sidder vir die dood, / volkome uitkoms gewe.

13 Ons prys U, HEER, in sang en lied. / U het u sterkte ons gebied / toe 't nag was, lank gelede;
U het gehoor na ons gebed, / U het ons roemryk uitgered – / o hoor nou weer ons bede!
Dan pas die vorste tot u eer / en om u huis ontwil, o HEER, / eerbiedig op u wenke.
Hul sal U dan van alle kant, / selfs uit die allerverste land, / vereer met hul geskenke.

Wegstuurseën

Na die erediens

Sing: Gelofte (*beryming van teks; melodie Ps 128 – Wie deur Gods vrees bewo*

Ons Here God – Almagtig,
voor wie ons nou hier staan.
Ons ouers het belowe
en so het ons verstaan.
U het met u beskerming
in nood hul bygestaan,
op hierdie dag en datum
die vyand te verslaan.

Daarom sal ons die datum
met dankbaarheid onthou.
Dit soos aan ons vertel is,
aan ons kinders toevertrou;
sodat ons dit as dankdag,
as sabbat deur sal bring.
Dit elke jaar eerbiedig
en so U lof besing.

Ons het soos dit U wil is
n Kerk tot stand gebring,
waar voor- en nageslagte
oor U wil kan besin.
Gelofte deur ons vaders,
in nood tot U gebring,
bring ons hier tot U nader
waar ons u roem besing.